**Donderdag 10 Maart**

**Skrifgedeelte: Miga 1:2-5; 7:11-20**
**Fokusgedeelte: Miga 7:18-20**

## Ons troos: In sy trou vergewe God ons sondes

My enigste troos is: Ek behoort aan die Here. Hy het my duur gekoop met die kosbare bloed van sy Seun (1 Pet. 1:19). Tog het die sonde steeds vat op my. Ek kan steeds daarin val. Wat dan?

Die volk van God het in sonde geval. Miga leer ons dat sonde ons skuldig voor God stel. Geeneen het die vermoë om sy eie sondeskuld te delg nie. God het, weens hulle sondeskuld, in toorn van sy volk af weggedraai. Miga begin sy boek met ’n regsgeding wat God teen hulle voer. Dit klink na ’n hopelose situasie.

Die boek eindig egter op ’n onverwags positiewe noot. God bly nie vir altyd kwaad nie (Miga 7:19). Hy fokus nie heeltyd op ons oortredings nie. Sy toorn oor die sonde is nie onverbiddelik nie. Hy draai weer in liefde en ontferming na sy volk toe (Miga 7:19). Hy vergewe hulle sondes. Hy doen dit omdat Hy altyd getrou woord hou. Hy bly, soos Hy beloof het, die God van die nageslag van Abraham en Jakob. Hulle bly sy volk. Hulle kan weet dat Hy hulle sonde tot niet maak. Hy gooi dit in die diepte van die see.

Ons weet: In en deur sy Seun het God na ons toe gedraai. Christus het ons sonde op Hom geneem en as voorwerp van God se toorn aan die kruis die volle losprys daarvoor betaal. Danksy Hom is en bly die Here ons God en ons sy kinders. Ons kan ons sonde voor Hom bely en in die geloof aanvaar dat Hy ons volkome, op grond van Christus se verdienste, vergewe.

Onder die indruk van God se trou en genade kan ons saam met Miga bid: *Wie is ’n God soos U?*

*Sing: Psalm 86-2:1, 2, 6 (2001) / Psalm 86-1:1, 3, 8 (1936)*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*